

NP Swartz

Thomas Aquinas oor die aborsie-debat en die Kerk *magesterium*

Abstrak

Die gedagtewisseling van Thomas Aquinas en die kerk *magesterium* bied 'n omvattende oorsig vir 'n implementering van die waardigheid van menslike lewe. Die resultaat van sodanige gedagtewisseling veroorsaak dat die kerk *magesterium* elke bedreiging van die menslike lewe vanaf die oomblik van konsepsie teenstaan. Die bedreiging van menslike lewe is die felste by die beginpunt van lewe — op daardie tydstip waarby dit op sy weerloosste is. Dit is vóór geboorte. Dit is op daardie oomblik waarop die mens totaal van die welwillendheid en sorg van ander afhanklik is. Die kerk *magesterium* poog om 'n bewuswording van 'n “kultuur van lewe” in die menslike samelewing te laat posvat. God het, deurdat Hy die menslike siel geskape het, die mens sodoende met goddelikheid beklee. Menslike lewe het daarom 'n gewyde en onskendbare eienskap. Die onskendbaarheid van menslike lewe wat in die Middeleeue gevestig is, word vandag in die Suid-Afrikaanse Grondwet gewaarborg. Die onskendbaarheid van menslike lewe waarborg ook die gelykheid van almal voor die reg, ook dié van die fetus. Indien skending van sodanige reg plaasvind, sal dit verrykende gevolge vir die menslike samelewing inhou. Die mens en die samelewing staan onder die verpligting om lewe te respekteer. Dit druk die mens se verhouding tot die naaste uit: en dit geld vanaf die oomblik van konsepsie tot by volwassenheid. Die fetus is ook die naaste en sy of haar regte moet net soos dié van elke ander mens gerespekteer word.

Thomas Aquinas about the abortion debate and the Church *Magesterium*

Thomas of Aquino's exchange of ideas and the church *magesterium* present an exhaustive overview for the implementation of the dignity of human life. The result of such an exchange of ideas causes the church *magesterium* to oppose every threat to human life from the moment of conception. The threat to human life is most intense at the point where life begins — at that stage where it is at its most defenceless. It is, for example, pre-natal. It is at this moment when humans are totally dependent on the goodwill and care of others. The church *magesterium* attempts to have an awareness of a “culture of life” take hold in civil society. By having created the human soul, God clothed humans in godliness. Human life, therefore, has a sacred and inviolable quality. The inviolate quality of human life is guaranteed by the Constitution of South Africa. It guarantees the equality of all in law, also that of the foetus. Should there be any violation of this right, it would have far-reaching implications for political civil society. Humankind is obliged to respect life. It expresses humankind's relationship to fellow-man: and it is valid from the first moment of conception through to adulthood. The foetus also is a fellow human being and his or her rights should be respected just as the case would be with every other human being.

1. Inleiding

Pous Johannes Paulus II het in sy ensieklik, *Evangelium Vitae* (April 2005), verduidelik dat menslike lewe vanaf die begin tot die einde heilig is: “[The] sacred value of human life from its very beginning until its end.”¹ Aborsie is derhalwe as immoreel beskou en die onderskeid tussen die vroeë en latere stadium van fetale lewe is hiervolgens van minder indien nie van geen belang nie geag. Die debat oor aborsie het mettertyd tot die breër kerkgemeenskap uitgebrei, wat tot ’n internasionale kongres in Suid-Afrika gelei het, waaraan verskeie kerklike denominasies deelgeneem het. Dié internasionale kongres wat vanaf 17 tot 18 April 2005 geduur het, is by die Universiteit van die Vrystaat gehou. Tydens dié *colloquium* (gesprek) kon die probleem oor die onderskeid tussen vroeë en latere fetale ontwikkeling nie opgelos word nie. Die beginpunt van lewe is daarom onseker.

Hierdie artikel poog om ’n duidelike oorsig oor fetale ontwikkeling te gee. Dit stel ook dat die Thomistiese onderskeid tussen vroeë en latere fetale ontwikkeling van minder belang geag moet word en dat menslike lewe heilig is. Die mens is hiervolgens draer van fundamentele menseregte, vanaf die beginpunt van lewe tot by die dood. Dié persepsie behoeft ’n debat oor aborsie, wat onder vier afdelings behandel word, naamlik: Die beginpunt van lewe, die aard van die oortreding as aborsie gepleeg word, die kerk *magisterium* se standpunt in afwyking van Aquinas s’n en die rol van fundamentele regte.

2. Die beginpunt van lewe

2.1 Die biotiese begin van lewe

Die debat oor die beginpunt van lewe stel twee standpunte teenoor mekaar, naamlik dat menslike lewe relatief vroeg gedurende swangerskap begin teenoor die standpunt dat menslike lewe relatief laat begin.² Hierdie twee standpunte wentel rondom twee begrippe, naamlik “early fetus” en “late fetus.” Om dit te verstaan, moet die genetiese van vroeë en latere fetale ontwikkeling in oënskou geneem word.

Bevrugting geskied in een van die twee Fallopiusbuise. In dié buise smelt ’n eiersel en spermsel saam en dit resulteer in ’n bevrugte eiersel, die zigoot. Die zigoot verdeel gedurende die volgende vier dae en vorm ’n sogenaamde blastosist. Omtrent ses dae nadat die blastosist in die uterus gevorm is, ontstaan die embrio. Gedurende die tweede week van swangerskap word die gewaarwordingsvermoë gevorm. Gedurende dié stadium (vroeë stadium van swangerskap) word die fetus as menslik beskou, omdat dit weens sy oorsprong oor menslike genetiese materiaal in sy DNS en RNS-molekules beskik.

Latere fetale ontwikkeling behels die verdere ontwikkeling van die gewaarwordingsvermoë (wat gedurende die vroeë stadium van ontwikkeling

1 John Paul II 2005:5.

2 Aquinas. *Summa Theologiae* 1a, 76, 3. Aquinas handhaaf dat die fetus ’n plant of dier is voordat dit ’n mens is. Dit behels die teorie van vertraagde of laat besieling.

begin het) en die funksionering van 'n serebrale korteks.³ Dit geskied tydens die tweede maand van swangerskap. Met die ontwikkeling van die serebrale korteks word die belangrikste organe van die fetus gevorm en mettertyd ook 'n ruggraat. Ses weke daarna (na die tweede maand van swangerskap) vertoon die fetus 'n onontwikkelde gesig en ledemate. Gedurende dié periode vertoon die fetale brein eienskappe soortgelyk as dié van 'n soogdier.⁴ Die fetus is gedurende hierdie stadium 'n miniatuur mens. Vanaf hierdie stadium van ontwikkeling groei alles proporsioneel groter tot by die fetus se uiteindelijke geboorte: “[To] produce a sensory soul is nothing other than to convert matter from potentiality to actuality.”⁵

2.2 Thomas Aquinas oor die beginpunt van lewe

Volgens Thomas Aquinas beskik die fetus in die vroeë stadium van swangerskap nie oor morele bewussyn nie en is dus vergelykbaar met 'n plant.⁶ Aquinas beskou die fetus in die vroeë stadium van swangerskap nie as 'n mens nie.⁷ In Aquinas se woorde: “[The] fetus in the early stages of pregnancy is not a person.”⁸ In Thomistiese terme moet fetale ontwikkeling eers plaasvind. Hierdie ontwikkeling “consists in the transition from a vegetative state to a sentient one, after which it is possible for human ensoulment (or personhood) to occur.”⁹ Dit beteken dat 'n fetus eers 'n morele wese is wanneer dit 'n mens word.¹⁰

Met betrekking tot die beginpunt van lewe gaan Aquinas van Aristoteles se biologie uit, eerder as van Plato se metafisika. Aristoteles leer in sy biologie dat die materie die siel van die Platoniese idee voorafgaan. Aquinas volg Aristoteles in hierdie vorm-denke na. Volgens Aquinas behels die vorm die bestaan en aard van materie waaruit die mens bestaan.¹¹ Aquinas verklaar:

[Nothing] passes from potentiality to being actual except through something already actual [dit wil sê vo m], as sense is actuated by something which acts on it. So it was necessary to posit a power of the intellectual order which made things actually able to be understood by abstracting the thought of them from their material condition.¹²

3 Dombrowski *et al* 2000:11.

4 *Summa Theologiae* 1a, 76, 3.

5 Aquinas. *Quaestiones disputatae de potentiae*, 3 ii ad ii.

6 *Summa Theologiae* 1a, 76, 3. “Now a thing is called an animal because it has a sensitive soul.”

7 *Summa Theologiae* I.76.3, obj. 3. “[An] embryo is an animal before it is a human being.”

8 Thomas Aquinas. *Summa Contra Gentiles* II.89.1752. “The human body, inasmuch as it is in potentiality for the soul ... is temporally prior to the soul. It is not then actually human, but only potential.”

9 *Summa Theologiae* 1a, 118.2. “[When] a more perfect form comes on, the prior is corrupted, but in such way that the following form has whatever the first had, and still more.” *Summa Theologiae* 1a, 76.3.

10 *Summa Theologiae* 1a, 76.5.

11 *Summa Theologiae* 1a, 118, 2. *Summa Theologiae* 1a, 76, 8.

12 *Summa Theologiae* 1a, 79, 3.

In navolging van Aristoteles stel Aquinas ook die vormlike aard van natuurlike voortplanting. Volgens Aquinas geskied generasie in die materie-vorm-samestelling en nie afsonderlik ten opsigte van vorm en materie nie.¹³ “Generation consists in the production neither of the matter nor of the form, but of the matter-form composite [...] Strictly, only the composite is generated.”¹⁴ Aquinas sê: “[A] human being is not soul alone, but something composed of soul and body.”¹⁵

Behalwe substansie (vo rm plus materie), moet daar ook ’n *agens* wees. Die *agens* is vir Aquinas en ook vir Aristoteles ’n goddelike beginsel, analoog aan Plato se siening van die Werkmeester of Vorm-gewer, volgens sy dialoog, *Thimmaeus*. Aquinas beskou die vormgewende krag enersyds as iets wat van ’n bonatuurlike bron afkomstig is: “[The] natural agent disposes only the matter, and that the form, which is the ultimate perfection, comes from supernatural sources.”¹⁶ Hy sê verder: “[The] rational soul must be brought into existence by some sort of nonphysical agent [...] God [...]”¹⁷ Andersyds meen Aquinas, net soos Aristoteles, dat materie die beginsel van potensialiteit en vo rm die beginsel van aktualiteit is.¹⁸ Aquinas skryf: “[To] produce a sensory soul is nothing other than to convert matter from potentiality to actuality.”¹⁹ Die moeder verskaf die materiaal en die vader is die *agens*: “[Inasmuch] as his semen is what causes the material supplied by the mother to take on the fo rm of the embryo”²⁰ Hiervolgens is Aquinas met betrekking tot sy materie-vorm leer nie duidelik nie. Enersyds beweer hy dat die vorm-materie leer van ’n bonatuurlike bron (God) afkomstig is,²¹ en andersyds dat dit uit ’n kombinasie van materie-liggaam en redelike vo rm-siel (*anima rationalis*) bestaan. Sy beredenering word duidelik as hy die moeder as die materiaal beskou en die vader as die *agens*, maar die vader as *agens* is steeds nie die bonatuurlike bron (God) nie. Aquinas weerspreek homself dus hier. Hy probeer die dilemma oplos deur die metafoor van die son te gebruik: “[A] human being, together with the sun, generates a human being from matter.”²² Aquinas glo, net soos Aristoteles, dat plante en diere deur son-energie voortgebring kan word. Hulle glo dus dat die son en nie God nie ’n direkte rol in die natuurlike voortbrenging van die mens speel.

Aquinas ontken dat menslike lewe by konsepsie begin. ’n Ontwikkelende fetus kan nie as ’n mens beskou word nie, omdat dit nie oor ’n siel beskik nie.²³ Aquinas verklaar: “[This] does not occur until the fetus has developed its brain and sensory systems to the point where it can support the distinctive intellectual capacities of a human being.”²⁴ Hy beweer dus dat menslike lewe eers in die middel van fetale ontwikkeling, dit wil sê middel swangerskap, plaasvind. Dit sal

13 *Summa Theologiae* 1a, 75, 5.

14 *Summa Theologiae* 1a, 118, 1.

15 *Summa Theologiae* 1a, 75, 4, 5. “[Man] is neither the soul alone, nor the body alone, but body and soul together.”

16 *Summa Theologiae* 1a, 45, 8.

17 *Summa Theologiae* 1a, 118, 2.

18 *Summa Theologiae* 1a, 76, 5.

19 *Summa Theologiae* 1a, 45, 8.

20 *Summa Theologiae* 1a, 118, 1.

21 *Summa Theologiae* 1a, 75, 5.

22 *Summa Theologiae* 1a, 76, 1.

23 *Summa Theologiae* 1a, 1, 1.

24 *Summa contra gentiles* II. 89. 1737. See also Pasnau 2002:108.

volgens Pasnau eers ná die twintigste week van swangerskap geskied.²⁵ Sy persepsie oor wanneer lewe begin, word gevorm deur sy siening dat materiële entiteite (mense) uit hoofde van die siel oor lewe beskik.²⁶ Aquinas verklaar: “[Until] the fetus has a human soul, it is not a human being, no matter what the underlying biology looks like.”²⁷

Die siel benodig ’n volkome liggaam en ontwikkelde brein om te handel.²⁸ Aquinas verduidelik die implikasie van liggaam en brein in tweeledige konteks soos volg. Hy sê enersyds dat, indien ’n liggaam ontbreek daar nie ’n siel en derhalwe nie ’n menslike lewe kan wees nie.²⁹ Anders gestel: Vóór die (rasionele) siel ingeskape kan word, sal die fetus nie oor die vermoë beskik om te kan dink nie. Aquinas meen dus dat dit vir die (rasionele) siel ontmoontlik is om op die oomblik van konsepsie by die mens ingeskape te wees. Hiervolgens beweer Aquinas dat God nie ’n (rasionele) siel by die onontwikkelde fetus (embrio) ingeskape sou wou hê nie. God sal eers die siel by die mens inskape op daardie tydstip wanneer die fetus voldoende ontwikkel het.³⁰

In navolging van Aristoteles glo Aquinas, volgens Haldene, dat menslike lewe op 40 dae vir mans en 90 dae vir vrouens begin. Die (rasionele) siel word op dié onderskeie tydstippe by die verskillende geslagte ingeplant.³¹ Op dié onderskeie tydstippe sal die fetus in Thomistiese terme voldoende ontwikkel het: “[Because] on the Thomistic position [...] these [points of time] depend upon a fully developed brain.”³²

2.3 Teenstanders van Thomas Aquinas se begin van lewe

Die aanneemlikheid van Aquinas se weergawe oor wanneer lewe begin, het aanhangers sowel as teenstanders. Aquinas stel dat die (rasionele) siel as vereiste vir die begin van lewe dien. Volgens Tauer sal dié Thomistiese rasionaliteitsvereiste vir die begin van lewe byvoorbeeld behels dat menslike lewe eers op ’n latere datum ná geboorte, dit wil sê twintig weke (middel-swangerskap) plaasvind.³³ Tauer verwerp dus die Thomistiese laat begin van lewe.

Tertullianus se siening oor wanneer menslike lewe begin verskil ook van die Thomistiese laat-vereiste vir die begin van menslike lewe. Tertullianus verklaar dat die potensiele mens (fetus) selfs in die vroeë stadium van swangerskap wel (’n) mens is.³⁴ Dié potensiele mens (fetus) beskik volgens hom wel oor

25 Pasnau 2002:111.

26 *Summa Theologiae* 1a, 76, 3. “We say that one and the same soul in man gives life to the body by its presence and arranges its life by its reasoning power.”

27 *Summa Theologiae* 1a, 75, 5.

28 *Summa Theologiae* 1a, 76, 5. “[The] intellective soul needs a body [...]”

29 *Summa Theologiae* 1a, 76, 4. “So the soul is related to the body as form to matter.”

30 *Summa Theologiae* 1a, 78, 1. “[The] soul’s powers are the sources of the activities of living. For a thing is said to be living in four ways: [...] intelligence, the sensus, movement and rest according to place, and again movement according to nourishment and shrinking and growing.”

31 Haldene *et al* 2003:266.

32 *Summa Theologiae* 1a, 76, 1. Haldene *et al* 2003: 269.

33 *Summa Theologiae* 1a, 76, 5. *Summa contra gentiles* II.89.1737. Pasnau 2002:118.

34 Tertullian. *Apologeticum* IX, 8.

die vermoë om mens te kan word. Tertullianus sê: “[When] we say that things are potentially such and such, we mean that they are not such and such, but they could be.”³⁵ Aquinas verskil vervolgens van Tertullianus as hy sê: “My early life, as an embryo, is not really my life, insofar as I, the human being, did not exist then. A different, nonhuman substance existed then [...] namely the sensitive and nutritive souls [...] Now a thing is called an animal because it has a sensitive soul.”³⁶

In Locke se behandeling oor die begin van lewe, meen Pasnau, skaar hy (Locke) hom liever by Tertullianus as by Aquinas. Pasnau beweer dat Locke, net soos Tertullianus, ook glo dat die potensieële mens weldra mens sal word: “Locke allows that human beings maintain their identity from the beginning to the end of their biological life processes.”³⁷

Op grond van die voorafgaande opmerkings of waaemings is dit duidelik dat Aquinas “laat menslike besieling” ondersteun. Volgens Stephen Heaney en John Finnis sou Aquinas nie tot die gevolgtrekking gekom het nie, indien hy oor die feite van embriologie sou beskik het. Aldus hulle, sou Aquinas, indien hy kennis oor embriologie gehad het, tot die afleiding kom dat menslike (lewe) besieling ten tyde van konsepsie begin. Dié benadering vorm die onderwerp van die Katolieke teologiese en filosofiese leer, bekend as “onmiddellike besieling.” Onmiddellike besieling wat deur die kerk *magisterium* gehandhaaf word, staan dus direk in stryd met die Thomistiese “[laat] vertraagde besieling.” Aquinas gooi die vertraagde of laat besieling oor die boeg van die ontwikkeling van die drie sieledele, naamlik die vegetatiewe (plante siele-deel), die sensitiewe (dierlike siele-deel) en die intellektuele (rasionele siele-deel).³⁸

3. Die aard van die oortreding

Indien van die veronderstelling uitgegaan word dat menslike lewe by konsepsie begin, dan sal die oortreding, aborsie, altyd die neem van ’n lewe behels. Soos reeds vermeld, ontken Aquinas dat menslike lewe tydens konsepsie begin.³⁹ Volgens Dombrowski handhaaf Aquinas, desondanks die uitgangspunt dat aborsie, in die vroeë stadium van swangerskap, immoreel en afkeurenswaardig is.⁴⁰ Hiervolgens beweer Aquinas dat aborsie gedurende die vroeë stadium van swangerskap (early fetus) uitgevoer kan word, alhoewel dit skandalig is. Dit sal vóór menslike besieling, dit wil sê vóór die twintigste week van swangerskap moet wees. Eers daarna mag aborsie, volgens Aquinas, nie uitgevoer word nie. Gedurende dié laat stadium van swangerskap (*late fetus*), dit wil sê na die twintigste

35 Tertullian. *Apologeticum* IX. 8. Parallele lesing. *Summa Theologiae* 1a, 75, 1. “Since all achange is a passage from potentiality to actuality.” Pasnau 2002:121.

36 *Summa Theologiae* 1a, 76, 3. Pasnau 2002:121.

37 Parallele lesing. *Summa contra gentiles* II.89.1745. Pasnau 2002:121.

38 *Summa Theologiae* 1a, 76, 3.

39 *Summa Theologiae* 1a, 76, 5. *Summa Theologiae* 1a, 76, 3.

40 *Summa Theologiae* 2a2ae, 7, 8. Parallele lesing. *Summa Theologiae* 1a, 75, 6. “The human soul [...] must of necessity be held to be incorruptible.” Dombrowski *et al* 2000:26.

week van swangerskap (besieling), word abortie deur etiese oorwegings gestimuleer. Hiervolgens word abortie gekriminaliseer en sal die neem van 'n menslike lewe gelykstaande aan moord wees.⁴¹

Aquinas beweer ve volgens dat onbedoelde abortie tot die oortreding bekend as “manslag” aanleiding gee. Haldene stel Aquinas aan die woord:

[He] that strikes a woman with child does something unlawful: wherefore if there results the death either of the woman or of the animated foetus, he will not be excused from homicide, especially seeing that death is the natural result of such a blow.⁴²

Dis sal ook manslag wees, indien die “besielde” fetus gedood word, sodat die moeder kan leef. Dieselfde benadering geld indien die moeder wat in elk geval sou sterf, se dood ve vroeg word, sodat die fetus daardeur lewe ve rky:

Such was Aquinas's view, hence his previously quoted verdict that if one deliberately strikes a pregnant woman, knowing her to be pregnant and knowing of the risk of death, then 'if there results the death either of the woman or of the animated foetus he will not be excused from homicide' [...].⁴³

Op grond van die beginsel: “[Evils] are not to be done that goods may come from them,” ve kloor Aquinas dat die mens eerder moet toelaat dat die moeder sterf, as wat hy manslag pleeg deur die fetus dood te maak.⁴⁴

4. Die kerk *magesterium* se afwyking van Aquinas se standpunt oor abortie

Die ke rk *magesterium* laat hom nie uit oor die oomblik wanneer lewe begin nie. Die meerderheid Katolieke is van mening dat daar 'n werklike mens vanaf die oomblik van konsepsie bestaan. Die ke rk *magesterium* ondersteun derhalwe die teorie van “onmiddellike besieling” en verwerp sodoende Aquinas se “vertraagde besieling.” Die minderheidsopinie, wat die Aristoteles-Thomistiese hylomorfisme-leer a an hng, is van mening dat daar geen menslike wese gedurende die vroeë stadium van swangerskap bestaan nie.⁴⁵

Aquinas erken wel dat daar lewe (besieling) tydens konsepsie plaasvind, maar hy weier om sodanige lewe as “menslike besieling” in die sin van die rede,

41 *Summa Theologiae* 1a2ae, 95, 2. “*Derivantur ergo quaedam a prioncipiis communibus legis naturae per modum conclusionem: sicut hoc quod est 'non esse occidum', ut conclusio quaedam derivari potest ab eo quod est 'nulli esse malum faciendum'.*”

42 Haldene *et al* 2003:257. *Summa Theologiae* 1a2ae, 64, 8.

43 *Summa Theologiae* 2a2ae, 7, 8.

44 Haldene *et al* 2003:278.

45 *Summa Theologiae* 1a, 76, 5. “[Actio] autem sensus non fit sine corporeo instrumento. Oportuit igitur animam intellectivam tali corpori uniri [...]”. *Summa Theologiae* 1a, 76, 3. “*Videtur quod praeter animam intellectivam sint in homine aliae per essentiam differentes, scilicet sensitive et nutritive. Corruptibile enim et incorruptibile non sunt unius substantiae. Sed anima intellectiva est corruptibilis, aliae vero animae, scilicet sensitive et nutritive, sunt corruptibiles, ut ex superioribus patet. Ergo in homine non potest esse una essential animae intellectivae et sensitivae et nutritivae.*”

te beskou. Hy meen menslike besieling staan eers láter as menslike rede bekend, nadat dit deur 'n plante- en dierlike siele-deel beweeg het.⁴⁶ Besieling geskied eerstens by wyse van 'n vegetatiewe (*anima vegetativa*), daarna by wyse van 'n dierlike (*anima sensitiva*) en uiteindelik by wyse van 'n rasonale siel (*anima intellectiva*).⁴⁷ Dié vorige twee siele-dele kan dus nie met die menslike rede geassosieer word nie. Dit beteken dat die plant of dier nie oor 'n siel beskik nie: net die mens beskik weens sy rede oor 'n siel.⁴⁸ Aquinas skryf dat rasionaliteit uit die intellektuele siel of die rede ontspring. Die menslike siel beskik dus oor die rede.⁴⁹

Volgens Aquinas benodig die menslike siel 'n liggaam vir sy funksionering.⁵⁰ Hy meen dié menslike (rasionele) siel of die rede kan nie funksioneer nie, indien die plant siele-deel en dierlike siele-deel tot niet gegaan het nie.⁵¹ In die lig hiervan is dit voor die handliggend dat die Aristoteles-Thomistiese hylomorfisme-leer dit vir 'n fetus in die vroeë stadium van swangerskap (byvoorbeeld as plant- en dier siele-deel) onmoontlik maak om as 'n menslike wese geklassifiseer te word, omdat dit nie oor rede beskik nie. Die rede veronderstel die bestaan van 'n mens.⁵²

Hiermee stem die kerk *magesterium* nie saam nie. Die kerk *magesterium* beskou die fetus as 'n geskenk deur God aan die mens. Op grond van die godgegewe geskenk word die fetus sodoende met goddelike eienskappe, selfs vanaf die oomblik van konsepsie, bekleed. Die fetus beskik ook oor goddelike eienskappe uit hoofde van die beginsel van *imago Dei* (die mens as beelddraer van God) soos reeds vermeld uit hoofde van die (godgegewe) rasonale siel.

Onder Stoïsynse beïnvloeding is die *imago Dei* binne hierdie gedagterigting gesien as die vonk van die goddelike wat in die mens aanwesig is. 'n Ander stroming onder invloed van Aristoteles, beskou die menslike rede as die teken van die beeldskap van God. Redelikheid en godsdienstigheid druk die mens se vermoë tot liefde en beeldskap van God uit.⁵³ Dié fundamentele beginsels moet sentraal in die mens se gedagte staan.

Op grond hiervan doen die kerk *magesterium* 'n beroep daarop dat die waarde en die regte van die menslike persoon gerespekteer word. Uit hoofde van die kerke se evangeliese opdrag en apostoliese plig moet die kerk *magesterium* se morele leringe met die waardigheid van die persoon ooreenstem. Ratzinger verklaar dat die kerk *magesterium* se morele leringe op die mens se primêre en fundamentele reg op lewe gerig moet wees.⁵⁴ Dit moet, uit hoofde van die liefde wat dit aan die mens verskuldig is, hom help om sy regte en verpligtinge te erken en te respekteer. Die mens lei hiervolgens sy regte en verpligtinge van die waardigheid af wat deur middel van die goddelike reg deur die kerk *magesterium* aan hom verleen is.⁵⁵

46 *Summa Theologiae* 1a, 76, 3.

47 *Summa Theologiae* 1a, 76, 3.

48 *Summa Theologiae* 1a, 77, 2. *Summa Theologiae* 1a, 76, 3.

49 *Summa Theologiae* 1a, 76, 3.

50 *Summa Theologiae* 1a, 75, 2. *Summa Theologiae* 1a, 76, 5.

51 *Summa Theologiae* 1a, 76, 3.

52 *Summa Theologiae* 1a, 76, 4.

53 *Summa Theologiae* 1a, 76, 3. Aristotle. *Politikon* 1254a29, 1254b.

54 Congregation for the Doctrine of the Faith 1987:6.

55 Congregation for the Doctrine of the Faith 1987:6.

Volgens Ratzinger is biologie en medisyne tot die mens se voordeel, indien dit 'n individu uit sy sieklike toestand neem en indien dit sy waardigheid as 'n goddelike skepsel respekteer. Met die vooruitgang van die biologiese en mediese wetenskappe is die mens sodoende in staat: "[To] take in hand his own destiny."⁵⁶ Sodanige biologiese en mediese vooruitgang stel die mens ook aan die versoeking bloot: "[To] go beyond the limits of a reasonable dominion over nature."⁵⁷ Alhoewel dié elemente vooruitgang behels, hou dit ook ernstige nadeel in. Die kerk *magesterium* doen dus 'n beroep daarop dat die mens se waardigheid en regte te alle tye beveilig moet word. Dié fundamentele waarde waarborg die onskendbaarheid van die mens se reg op lewe: "[From] the moment of conception until death."⁵⁸ Aquinas beskerm hierdie reg op lewe net gedeeltelik, dit is nadat die rede ingetree het en die mens oor 'n siel beskik. Vóór sodanige besieling is die fetus nie mens nie en kan dit volgens Aquinas vernietig word.⁵⁹

Die menslike lewe, wat onvervreembaar is, is onderworpe aan die goddelike wette, wat onveranderlik is. Menslike lewe en goddelike wette moet daarom erken en gerespekteer word. Vanaf die oomblik van konsepsie moet elke menslike lewe gerespekteer word, omdat die mens beeldraer van God is. In Genesis word die verbod op moord gegrond op dié beeldskap: "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak."⁶⁰ Treffend is die beskrywing van die besondere waarde van die mens in Psalm 8: 6 "U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon." Die mens se lewe is heilig omdat dit die: "[Creation] action of God" behels. Ratzinger verklaar: "God alone is the Lord of life from its beginning until its end: no one can, in any circumstances, claim for himself the right to destroy directly an innocent human being."⁶¹ Aquinas sou tot dieselfde gevolgtrekking gekom het as hy nie so sterk onder die invloed van Aristoteles gestaan het nie. Sy vertraagde besieling is 'n direkte uitvloeiing van Aristoteles se hylomorfisme, wat behels dat die siel nie 'n liggaam is nie, totdat die fetus 'n vorm aanneem wat die siel kan akkomodeer. Aquinas skryf: "Therefore, a soul, as the primary principle of life, is not a body but that which actuates a body."⁶²

Gedurende die Tweede Vatikaanse Konsilie het die kerk *magesterium* sy leerstelling (wat in afwyking van die Aristoteles-Thomistiese hylomorfisme staan) oor die menslike lewe soos volg verduidelik: "Life once conceived, must be protected with the utmost care, abortion and infanticide are abominable crimes."⁶³

56 Congregation for the Doctrine of the Faith 1987:5.

57 Congregation for the Doctrine of the Faith 1987:5.

58 Congregation for the Doctrine of the Faith 1987 10.

59 *Summa Theologiae* 1a, 76, 3.

60 Génesis 9:6.

61 Congregation for the Doctrine of the Faith 1987:11.

62 *Summa Theologiae* 1a, 75, 1. "Manifestum est enim quod non quodcumque vitalis operationis principium est anima [...] Anima igitur, quae est primum principium vitae, non est corpus, sed corporis actus, sicut calor, qui est principium calefactionis, non est corpus, sed quidam corporis actus."

63 Congregation for the Doctrine of the Faith 1987:12.

Met betrekking tot die individualiteit van die menslike wese en die identiteit van die menslike persoon, bevestig die kerk *magisterium* in die *Declaration on Procured Abortion*:

From the time that the ovum is fertilized, a new life is begun which is neither that of the father nor of the mother; it is rather the life of a new human being with his own growth. It would never be made human if it were not human already.⁶⁴

Dit is bewys daarvan dat 'n menslike individu 'n menslike persoon is. Die mens moet daarom as persoon gerespekteer word en moet sy regte vanaf die oomblik van konsepsie as persoon sodanig erken word. Dié reg is die onvervreembare reg op lewe waarvoor elke menslike wese beskik. Die fetus moet daarom ook as persoon behandel word. Die fetus se integriteit moet ook beskerm, versorg en na omgesien word op dieselfde wyse as dié van elke ander mens. Respek vir die waardigheid van die mens sluit uitbuiting van die menslike fetus uit.⁶⁵ In hierdie verband skyn die benadering van die kerk *magisterium* veel meer aanvaarbaar te wees. Volgens die kerk *magisterium* sal Aquinas se teorie of lering oor die begin van lewe 'n skending van die fetus se menswaardigheid behels. Aquinas se benadering dat die mens wat nou bestaan, nooit 'n fetus was nie, ondersteun die kerk *magisterium* se gedagte. Aquinas sou aanvoer dat deur middel van die proses van hylomorfisme die fetus steeds tot niet sou gaan ongeag of dit geaborteer word of nie: “[The] generation of one thing is always the corruption of another.”⁶⁶

5. Fundamentele menseregte

5.1 Fundamentele regte en die morele en burgerlike wette

Die onvervreembare reg op lewe van elke onskuldige menslike wese is belangrik vir fundamentele morele waardes. Sodanige waardes is konstitutief vir die staatlke of politieke samelewing en die regsorde. Die openbare gesag moet deur daardie rasonale beginsels wat die verhouding tussen burgerlike en morele wette reguleer, beïnvloed word. Die burgerlike wette is die positiewe reg van 'n staat en die morele wette is die natuurreg (*lex naturalia*). Weens sy goddelike inslag geniet die natuurreg voorrang bo die positiewe reg. Vir die effektiewe handhawing van 'n staatlke samelewing en regsorde is dit noodsaaklik dat die twee wette mekaar komplimenteer en aanvul, omdat beide van God afkomstig is (*omnis potestas a Domino Deo est*).⁶⁷ In terme van die positiewe reg sal 'n

64 Congregation for the Doctrine of the Faith 1987:13. Tertullian. *Apologeticum* IX, 8. Tertullianus, in afwyking met Aquinas, ondersteun die kerk *magisterium*. Hy skryf: “*Nobis vero semel homicidio interdicto etiam conceptum utero, dum adhuc sanguis in hominem delibatur, dissolvere non licet. Homicidii festination est prohibere nasci, nec refert natam quis eripiat animam an nascentem disturbet. Homo est et qui est futurus; etiam fructus omnis iam in semine est.*”

65 Congregation for the Doctrine of the Faith 1987:17.

66 *Summa Theologiae* 1a, 98, 2.

67 Aquinas. *De Regimine Principum*, caput viii.

reg of wet wat nie billik is nie, geen reg wees nie. In so geval sal daar van die mens verwag word om sy regte (sy reg op lewe) in die geval van 'n fetus, op te gee. Sodanige onbillike of tiranniese wetgewing sal aborsie en afgodediens bevorder.⁶⁸ Aquinas skryf: "*Obedire oportet deo magis quam hominibus.*"⁶⁹ Met betrekking tot die natuurreg staan Aquinas meer in lyn met die kerk *magesterium* se beklemtoning van die reg op lewe.

Die taak van die staatlke of politieke wette moet dien as versekering van die algemene welsyn van die mens deur die erkenning en verdediging van fundamentele regte.⁷⁰ Dié staatlke of politieke wette kan egter nie norme voorskryf vir gebeurtenisse wat buite sy bevoegdheid val nie. Dit mag byvoorbeeld nie op arrogante wyse die reg op lewe van die fetus beëindig nie, soos die Suid-Afrikaanse *Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap* 92 van 1996 dit wel toelaat.

Die voorskrifte van die morele reg, wat 'n uitvloeisel van die natuurreg is, behels die behoud van menslike lewe en staan alles teen wat op vernietiging dui.⁷¹ Die morele reg behels dat 'n mens nie aan 'n ander doen wat jy aan jouself gedoen wil hê nie. Die feit dat jy as volwassene toe jy 'n embrio was nie geab o tmeer is nie, behels dus dat jy dieselfde moet doen met jou ongebore baba. Die onvervreembare reg op lewe moet dus deur sowel die staatlke of politieke samelewing as die politieke gesag erken en gerespekteer word. Sodanige onvervreembare reg dui op die menslike natuur en is inherent aan die persoon uit hoofde van die skeppingshandeling waaruit die persoon sy ontstaan te danke het. Onder dié fundamentele regte ressorteer elke individu se reg op lewe en fisieke integriteit vanaf die oomblik van konsepsie tot by die dood.⁷²

Die oomblik wanneer die positiewe reg, 'n sekere kategorie menslike wesens van beskerming ontbeur/ontsê, sal die staat die gelykheid van almal voor die reg, wat ingevolge Artikel 9 van die *Grondwet van Suid-Afrika* 108 van 1996 gewaarborg word, ontken. Ingevolge Artikel 9 (3) van die Grondwet sal die staat dus in terme van die gelykheidsbeginsel onbillik diskrimineer teen die fetus, indien dit nie die fetus se reg op lewe beske m nie. In die verband moet Artikel 9 (2) van die Grondwet tesame met Artikel 9 (3) verwoord word om die implikasie van die gelykheidsbeginsel te verduidelik. Artikel 9 (2) bepaal soos volg:

68 *Summa Theologiae* 1a2ae, 96, 4.

69 *Summa Theologiae* 1a2ae, 96, 4. Ons moet eerder God as die mens gehoorsaam.

70 *Summa Theologiae* 1a2ae, 96, 6. "[Omnis] *lex ordinatur ad communem hominum salutem* [...]"

71 *Summa Theologiae* 1 2 q. 94, a. 2. "*Inest enim primo inclination homini ad bonum secundum naturam in qua communicat cum omnibus substantis: prout scilicet quaelibet substantia appetit conservationem sui esse secundum suam naturam. Et secundum hanc inclinationem, pertinent ad legem naturalem ea per quae vita hominis conservatur, et contrarium impeditur. Secondo inest homini inclination ad aliqua magis specialia, secundum naturam in qua communicat cum ceteris animalibus. Et secundum hoc, dicuntur ea esse de lege naturali 'quae natura omnia animalia docuit', u test coniunctio maris et feminae, et education liberorum, et similia ...*".

72 Congregation for the Doctrine of the Faith 1987:36.

Equality includes the full and equal enjoyment of all rights and freedoms. To promote the achievement of equality, legislative and other measures designed to protect or advance persons, or categories of persons, disadvantaged by unfair discrimination may be taken.

Ingevolge Artikel 9 (3) mag die staat byvoorbeeld nie: “unfairly discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds, including [...] age [...] and birth.” Dit wil dus voorkom asof ons hier met teenstrydige wetgewing te make het. Enersyds skend die *Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap* 92 van 1996 die gelykheidsbeginsel; andersyds waarborg die Grondwet die gelykheid van almal voor die reg, insluitend die fetus. In die geval van twee strydige wetgewings, soos in dié geval onder bespreking, moet die bepalings van die Grondwet geld. Dié benadering word ondersteun deur die hofspraak *Executive Council of the Western Cape Legislature v President of the Republic of South Africa* 1995 (4) SA 877 (CC), waarin bepaal is dat:

Any law or conduct that is not in accordance with the Constitution, either for procedural or substantive reasons, will therefore not have the force of law.⁷³

Artikel 2 van die Grondwet gee ook uitdrukking aan die beginsel van grondwetlike of konstitusionele oppergesag. Vervolgens bepaal Artikel 8 van die Grondwet dat die Handves van Regte heerskappy oor alle wetgewings geniet en dat dit al die sferes van die staat, openbaar sowel as privaat, bind. Die grondwetlike oppergesag beteken niks as die voorskrifte van die Grondwet nie billik is nie. Vir ’n grondwetlike oppergesag om effektief te wees, moet die geregte gesag in staat wees om die voorskrifte van die Grondwet af te dwing. Ingevolge Artikel 172 van die Grondwet word bepaal dat, indien die geregte gesag sodanige jurisdiksie geniet, moet die hof verklaar: “... [That] any law or conduct that is inconsistent with the Constitution is invalid to the extent of its inconsistency.”

Die hof moet ook deur die ander sferes van die staat gehoorsaam word. Volgens Artikel 165 (5) bind ’n uitspraak van die hof alle persone en staatsorgane. Op grond hiervan geniet die Grondwet, wat die gelykheid van almal voor die reg waarborg, oppergesag en moet daar nie aan die bepalings van die *Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap* gevolg gegee word nie. Indien die staat nie sy magte tot diens van die regte van die burgers stel nie en in besonder van die meer kwesbare kategorie burgers, die fetus, sal daardie eerste fondament van die staat waarop die reg gebaseer is, ondermyn word.⁷⁴ Die *Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap*, sal volgens die kerk *magesterium* nie op die algemene welsyn van die burgers gerig wees nie. Wat Aquinas betref, sou hy dié wet ondersteun het, omdat dit ook aborsie in sekere gevalle toelaat, soos veral die termyn vóór die 20ste week van swangerskap.

As ’n gevolg van die respek en beskeerming wat vir die fetus vanaf die oomblik van konsepsie gewaarborg word, moet die wet of reg voldoende strafmaatreëls vir elke skending van die fetus se reg voorsien:

73 De Waal *et al* 2001:8.

74 Congregation for the Doctrine of the Faith 1987:36.

The law cannot tolerate — indeed it must expressly forbid — that human beings, even at the embryonic stage, should be treated as objects of experimentation, be mutilated or destroyed with the excuse that they are superfluous or incapable of developing normally.⁷⁵

Die politieke gesag behels dat die waarborge van die gesin, waarop die burgerlike samelewing gebaseer is, gerespekteer word. Die gesin is daarom geregtig op die juridiese beskerming op grond van sodanige waarborge. Uit hoofde van die feit dat die politieke gesag tot diens van die mense staan, moet dit ook tot diens van die gesin wees. In verskeie lande maak die legitimasie van abortie en die juridiese verdraagsaamheid van ongetroude paartjies dit moeilik om respek vir die fundamentele regte van die menslike persoon te verseker.

Die ke rk *magesterium* behoort 'n positiewe invloed uit te oefen om te verseker dat in die gesin en in die staatlke of politieke samelewing daar die nodige respek vir lewe en die liefdesbeginsel gekoester word. Die boodskap is gerig aan daardie individue wat vir die formulering van die gewete en die openbare mening verantwoordelik is, naamlik wetenskaplikes, medici, juriste en politici. In die lig van die gawe van lewe en van morele beginsels (van die liefde) moet elkeen aangespoor word om verantwoordelik teenoor die naaste op te tree. Na die dood van Abel het God aan Kain gevra waar Abel is. In stede van om berou te hê, het Kain arrogant geantwoord: "Ek weet nie. Is ek my broer se wagter?"⁷⁶ Kain weier sodoende om daardie verantwoordelikheid wat elkeen teenoor die naaste moet koester, te neem. Hiervolgens verklar Johannes Paulus: "Symptoms of this trend include the lack of solidarity towards society's weakest members — such as the elderly, the infirm [...] (and) children [...]"⁷⁷ Diegene wat die mens se lewe aanval, loods ook 'n aanval op God.⁷⁸ Sodanige aanval op die naaste sal die goddelike gebooie (asook die liefdesbeginsel) skend, soos uitgedruk: "You shall not kill."⁷⁹

Met betrekking tot Kain se antwoord aan God: "Ek weet nie. Is ek my broer se wagter?," sê Johannes Paulus bevestigend: "Yes, every man is his 'brother's keeper', because God entrusts us to one another."⁸⁰

6. Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking is dus duidelik: Die Suid-Afrikaanse Grondwet, wat die beste waarborg vir die beskerming en handhawing van fundamentele regte is, word deur sekere gebreke gekniehalter. Een van dié swak plekke wat in die grondwet geïdentifiseer kan word, is dié wetgewing se neiging om die wense van die meerderheid wat hul eie belange bo dié van die algemene welsyn van die staatlke of politieke gemeenskap stel, te bevredig.

75 Congregation for the Doctrine of the Faith 1987:36-7.

76 Génesis 4: 9.

77 John Paul II 1995:17.

78 John Paul II 1995:18.

79 John Paul II 1995:24.

80 John Paul II 1995:34.

Die debat tussen Aquinas en die kerk *magesterium* word in hierdie skrywe afgesluit. Alhoewel daar aansluitings tussen Aquinas en die kerk *magesterium* bestaan in die geval van die morele voorskrifte van die natuurreg oor die mens (en ook die fetus) se onvervreembare reg op lewe, is daar steeds die spanning oor wanneer lewe begin. Indien Aquinas oor die feite van embriologie beskik het, sou hy 'n heel ander siening oor die begin van biotiese lewe en aborsie gehad het. Hy was dus wat die embriologie betref heeltemal deur Aristoteles beïnvloed. Aquinas verkeer in ooreenstemming met die kerk *magesterium* wat aborsie verwerp. Wat betref die onderskeid tussen vroeë en laat begin van lewe en Aquinas se keuse ten opsigte van eersgenoemde, is daar veroorsaak dat hy in debat met die kerk *magesterium*, waarvan hy die grondlegger is, sou tree.

Dit is die taak van die kerk *magesterium* om die Thomisme by die hedendaagse wêreld aan te pas. Aquinas het immers in die middeleeue geskryf. Sy denke moet kontinueer word en waar nodig verander word. Die kerk *magesterium* wat bevoeg is met die uitoefening van dié taak, sal baat vind by die toepassing van die natuurreg. Indien die Grondwet (positiewe wetgewing) in lyn met die voorskrifte van die natuurreg verkeer, sal die fetus se reg op lewe vanaf die oomblik van konsepsie tot by die dood gewaarborg word. Die natuurreg met sy morele ondertone moet as maatstaaf dien vir die positiewe reg

Bibliografie

AQUINAS T

De Regimine Principum.

Summa Theologiae.

Summa contra gentiles.

Quaestiones disputatae de potentiae.

ARISTOTLE

Politikon.

CONGREGATION FOR THE DOCTRINE OF
THE FAITH

1987. *Instruction on respect for human
life in its origin and on the dignity of
procreation.* St. Paul Publications: Africa.

DE WAAL J

2001. *The Bill of Rights Handbook.*
4th ed. Cape Town: Juta.

DOMBROWSKI DA AND DELTETE R

2000. *A brief, liberal, catholic defense
of abortion.* University of Illinois Press:
Urbana and Chicago.

*EXECUTIVE COUNCIL OF THE WESTERN
CAPE LEGISLATURE V PRESIDENT OF
THE RSA 1995 (4) SA 877 (CC).*

*GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN
SUID-AFRIKA
108/1996.*

HALDENE J AND LEE P

2003. *Aquinas on human ensoulment,
abortion and the value of life.* American
Conference of Governmental Industrial
Hygienists. British Institute of Philosophy.
Royal Institute of Philosophy. The
Journal of the British Institute of Philo-
sophical Studies. London: McMillan.

JOHN PAUL II

1995. Encyclical Letter. *Evangelium
Vitae. Series: Pastoral Action no. 57.*
*Addressed by the Supreme Pontiff John
Paul II to the Bishops, Priests and
Deacons, men and women religious,
lay faithful and all people of good will
on the value and inviolability of human
life.* Libreria Editrice Vaticana: Vatican
City.

PASNAU R

2002. *Thomas Aquinas on human
nature. A philosophical study of Summa
Theologiae 1a 75-89.* Cambridge: Uni-
versity Press.

TERTULLIAN

Apologeticum.

*WET OP KEUSE OOR DIE BEËINDIGING
VAN SWANGERSKAP
92/1996.*